# *Sommer net ...*



## *Ek soek ’n Mens*
## *uit “Ik Zoek Een Mens”**

*Ds J. Overduin*

Die ou verhaal van die sonderlinge filosoof wat op ’n helder sonnige dag met sy lanterntjie deur die stad loop, op soek na iets wat hy verloor het, is algemeen bekend. Nie lank nie, of die mense vra: “Waarna soek jy tog?” En die antwoord was: “Ek soek ’n mens.”

Hierdie man soek of hy nou uiteindelik ’n mens, ’n egte mens sou vind, dít terwyl die strate en die markpleine oorloop van mense. Sedertdien het daar honderde jare verloop. En die mense het intussen baie vindingryk geword, so vindingryk dat ons binne afsienbare tyd op een of ander planeet sal kan gaan vakansie hou, maar nog altyd bly die mens self ’n probleem, ’n angstige en gevaarlike probleem. Die sielkunde en die wysbegeerte soek nog altyd na die egte mens. “Wat dink jy van die mens?” Ja, dit is nog merkwaardiger en benouend: Namate die mens méér weet en méér kan doen, word die mens ’n groter probleem vir homself en vir ander. Hy word ook gevaarliker.

Nog altyd loop ons deur die malende gewoel van die menslike lewe, op soek na die mens, die egte mens.

En telkens word ontdek dat die mens nie waarlik eg mens is, wanneer hy slegs maar geleerd of tot veel in staat is nie. Daar is iets anders en iets meer as op die oog af. Dit is duidelik dat die mens eers eg mens is, wanneer hy lief het. Dit is ’n waarheid wat die Bybel eeue gelede reeds aan ons bekend gemaak het. Daar is meer dinge wat die mens deur skande en skade moet leer, wat hulle sonder skande en skade lankal uit God se Woord kon geleer het.

Die Bybel sê: God *is* Liefde. En die mens, as beeld van God, *is* liefde. En Jesus vat die wese en dade van die egte mens saam in die dubbele liefdesgebod. Ons is eers eg mens, wanneer ons God en ons naaste lief het.

Ons kan die probleem, “ek soek ‘n mens’ dus ook anders formuleer: “ek soek liefde”.
Ons vind so min egte mense omdat ons so min egte liefde vind.

Ons kan gerus met ‘n lanterntjie in helder daglig soek na egte liefde, midde die geroesmoes van mense op die plein.

Laat ons maar in alle eerlikheid die Bybel, wat ‘n diep en realistiese beeld van die mens het, gelyk gee wanneer die Woord sê dat daar geen egte mens is nie, omdat die mens nie kan en wil eg lief hê nie.

Daar is niemand wat goed doen, niemand wat waarlik liefhet nie behalwe maar Eén,
Jesus Christus. Ek soek ‘n mens, ek soek liefde, ek soek Jesus Christus.

Alleen die Kruis van Christus leer ons die geheim van die egte mens.
Sien die Mens! Sien die Liefde van God.

---

**Bron*
Ds J. Overduin: *Ik Zoek Een Mens*; N.V. GEBR. ZOMER & KEUNINGS UITGEVERSMIJ WAGENINGEN. Tweede Druk; p 5-7